

9 Oktober 2020

Dis nogals vreesaanjaend om te dink dat ons wil terugkyk en reflekteer oor die afgelope 12 maande hier by ons gemeente – veral na ons Covid-19 jaar! Terug kyk en onthou is egter nie 'n slegte ding nie.

Neem maar Deuteronomium 26. Hier staan Israel uiteindelik op die punt om die beloofde land in te gaan. Moses is besig om die volk toe te spreek al gaan hy nie saam die land in nie. Hierdie is sy laaste kans om vir Israel te vertel hoedat hulle die Here met eredienste moet dien en onthou. Moses sê: Wys vir God julle is dankbaar. Wys vir die Here hoe waardeer julle die grond. Hier's 'n formulier; gebruik hom.

Moses wil nie hê die Israëliete moet vergeet waarom dit werklik gaan nie. Want hulle vergeet so maklik. Tot nou toe het Israel terugverlang na die vleispotte van Egipte toe, die swaarkry van slawerny wat hulle daar moes deurmaak, gerieflik vergete. Ja, braaivleis onthou julle goed. Dis vir God wat julle gaan vergeet. Julle gaan vergeet dis God wat julle die grond gee, en alles daarop.

In die liturgie van Deuteronomium 26:1-11 onthou die spreker sy lewe as dié van 'n swerwer en 'n slaaf, en een wat dikwels net van woestynkos moet lewe. Maar wanneer hy God in die prentjie inbring, onthou die spreker sy lewe ook anders. Dis 'n lewe van bevryding van slawerny. Hy onthou sy lewe as een wat onder God se skouspel en wonderwerke gelewe is. So kan hy sy lewe as 'n suksesvolle lewe onthou, ten spyte van al die pyn en lyding. En daarvoor gee hy uit dankbaarheid 'n offer. In Israel het jy met jou mandjie met allerhande vrugte in jou hand aangekom, dit voor die altaar neergesit, opgekyk en gesê: "Dit het God vir my gedoen. Hierdie mandjie vrugte sê dat ek 'n slaaf in Egipte was, nikswerd, klein. Maar God, God het my daarvandaan gebring na 'n land wat oorloop van melk en heuning. Hier kan ek nou die eersteling bring van die vrugte van die land wat U my gegee het."

Nou mag jy dalk dink: "ons hét wel melk en heuning, maar hierdie land loop nou nie juis daarvan oor nie." Dankoffers is moeilik om te gee. Tye is moeilik. Juis dan moet ons onthou dat kos nie vanself op die tafel kom nie. God gee die land. God gee die kans. Maar ons moet ons hande uitsteek. Melk land nie vanself op die tafel nie. Diere moet versorg en gemelk word. Heuning moet gesoek en uitgehaal word, en die bye is kwaai. Die hele ding van melk en heuning... dit klink vir my na 'n soort samewerking tussen God en mens en aarde.

- Ons is so ongelooflik dankbaar vir elke gemeentelid wat op verskillende maniere positief gereageer het om ons gemeentefinansies

gesond te hou – van ondersteuning tydens ons Kuier-vir-Kuier geleentheid, salami aankope, bydraes en maandelikse dankoffers.

- Ons bedank julle vir julle ruimhartige bydraes om ons te help om kospakkies te voorsien. Ons kon help ten spyte van 'n ontsettende groot behoefte. Soms word ons offers iemand anders se enigste oes.

As ons in dié tyd van die jaar ons dank teenoor God uitspreek vir seën, kom ons net soos die Israëliete van ouds dankie sê. Ons dankoffers is daarom 'n sprekende bewys van 'n lewenshouding van dankbaarheid ("*an attitude of gratitude*").

Ons sê dankie vir God - die bron van ons seëninge - wat ons ook in hierdie afgelope 6 maande deur 'n woestyntyd gedra het. Ons kan met dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader getuig oor hoe Hy vir ons gemeente sorg in Sy voorsienigheid. Dit is inderdaad genade, onbegryplik groot! Daarom kan ons met vreugde ons eie mandjies voor die Here kom neersit. Dit is 'n tyd waarin ons in vreugde gee!

#### Die breë prentjie

##### 2019-20 Geouditeerde Syfers

Inkomste 2019-20	3 990 841.24
Uitgawes 2019-20	3 734 403.32
Surplus vir die jaar	256 437.92

##### Begroting 2020-21

Begrote Inkomste vir 2020-21	4 066 256
Begrote uitgawes vir 2020-21	4 145 871
Tekort	-79 615
Inkomste uit dankoffers	2 501 220
Inkomste uit eredienste	284 579
Inkomste uit verhuring	619 376
Uitgawes: personeel	2 541 619
Uitgawes: instandhouding	361 404
Uitgawes: operasioneel	1 054 052
Uitgawes: kerkverband	188 796

#### Onthou ons Jaarlikse Dankoffer

- Hierdie dankoffer is 'n spesiale addisionele geleentheid om die Here te dank vir sy sorg en seën.
- Ons dankofferfees is op 25 Oktober. Bring jou dankoffer na die erediens, of op 'n tyd en manier wat vir jou geleë is.

Ons sien uit op julle by ons Amazing Grace kerkbasaar te sien die 31ste Oktober. Ons gaan inhaal vir alles wat ons tydens lockdown gemis het! GROOT makietie! Is jy in?

Mag die Here julle seën

Hooglandgroete  
Die Kerkraad

#### Dankofferbestuur

- Dankofferkoevert is by die kerkdeure beskikbaar • Reël met kerkkantoor of volg hierdie skakel vir 'n vorm <https://tinyurl.com/yyo429ze> • Jy kan by die kerkkantoor inbetaal • Vir Snapscan volg hierdie skakel <https://pos.snapscan.io/qr/PXMP7844>

- Elektroniese betalings: NG Kempton Hoogland - ABSA – Rek nr 260 581 228